# 740. STROME VAN SEËN

**G D G**
1. Strome van seën van bowe,
**D G**
dit het Yahshua beloof;
**C G**
heerlike tyd van verkwikking
**A A7 D**
vloei uit ons Heiland en Hoof.

**G D G**
*Refrein:* Strome van seën,
**D**
gee van U volheid ons weer.
**G C G**
Reeds val die druppels gedurig;
**D D7 G**
skenk ons die strome, Yahweh!

**G D G**
2. Strome van seën van bowe
**D G**
daal met verfrissing tans neer.
**C G**
Skenk uit U hemelse volheid,
**A A7 D**
skenk ons ‘n oorvloed, Yahweh!

**G D G**
3. Strome van seën van bowe -
**D G**
laat hulle vloei in elk’ oord.
**C G**
Skenk die beloofde verkwikking;
**A A7 D**
kom en bevestig U Woord!

**G D G**
4. Strome van seën van bowe -
**D G**
gee dit al voller, Yahweh!
**C G**
Dorstig en biddende wag ons;
**A A7 D**
word hier verheerlik, Yahweh!